higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPENBARE FINANSIES N6

(21010076)

16 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

042Q1B2316

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPENBARE FINANSIES N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ’n Belastingdokument kan nie verwag om meetbare waarde te ontvang vir elke tipe geldeenheid wat in die vorm van belasting oorbetaal word nie.

A *Pro bono*
B Eksternaliteite
C Afwesigheid van *quid pro quo*
D Geen van die bogenoemde

1.1.2 Dienste wat verskaf word waarvoor daar geen koste is nie.

A Elektrisiteit
B Verdediging van ’n nasie
C Ouderdomspensioen
D B en C

1.1.3 Sekere liggame/persone wat vrygestel word van betaling van belasting:

A Instellings sonder winsmotief
B Voormalige staatshoofde
C Oorlogsveterane
D A, B en C

1.1.4 Maatskappye se belasting vorm ’n … deel van die totale belastinginkomste van die sentrale regering.

A beduidende
B klein
C groot
D gemiddelde

1.1.5 BTW is ... belasting.

A verbruiks-
B oordrag-
C toegevoegde waarde
D A en C

1.1.6 Regerings kan ook inkomste van … verkry.

A toelaes
B skenkings
C lenings
D Al die bogenoemde

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Die begrotingsprosesse van … .

A deursigtigheid, verantwoordbaarheid en die effektiewe finansiële bestuur van die ekonomie, skuld en die openbare sektor
B deursigtigheid en verantwoordbaarheid
C net effektiewe finansiële bestuur
D Geen van die bogenoemde

1.1.8 Die begrotingsinligting van die bestedingsbegroting word geklassifiseer in terme van … .

A doel van uitgawe, uitgawe-items en bronne van finansiering
B finansiële verantwoordelikheid, doel van uitgawe, uitgawe-items en bronne van finansiering.
C bronne van finansiering en uitgawe
D Geen van die bogenoemde

1.1.9 Fondse word versoek in die bykomende begroting vir … .

A nuwe aktiwiteite wat oorspronklik nie in ag geneem is wanneer die hoofbegroting opgestel is nie
B bestaande aktiwiteite waarvoor die hoofbegroting onvoldoende fondse voorsien het
C die lewering van private dienste vir ministers
D D A en B

1.1.10 Verskillende tipes belasting is … .

A inkomstebelasting
B invoerbelasting
C tariewe
D A, B en C

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Belasting geld gewoonlik vir netto inkomste, met ander woorde die owerhede laat toe dat sekere aftrekkings gemaak word.

1.2.2 Rente verdien uit sekere beleggings word ook van belasting vrygestel.

1.2.3 Werklike eiendomsheffings deur plaaslike owerhede bestaan uit eiendomsbelasting.

1.2.4 Die formaat vir kapitaalbegrotings is nie gestandaardiseer soortgelyk aan bedryfsbegrotings nie.

Kopiereg voorbehou

1.2.5 Enige herverdeling van welvaart moet direk gaan na die skepping van meer welvaart, soos industriële en vaardigheidsontwikkeling.

1.2.6 Oor die algemeen gesproke is daar een oogmerk met belasting, naamlik om genoeg geld in te vorder om te betaal vir dienste wat die burgers van ’n land verwag.

1.2.7 Kapitale uitgawe word bestee met die doel om infrastruktuur te bekom.

1.2.8 Enige begroting moet te alle tye die algehele beleid van die regering van die dag weerspieël.

1.2.9 Die begroting is ’n finansiële staat wat ramings van inkomste en uitgawes bevat.

1.2.10 Afslag word in ag geneem voordat aftrekkings gemaak word nie.

(10 × 2) (20)

1.3 Voltooi die volgende sin of sinne deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Die term wat gebruik word vir mense wat uitgesluit word om inkomstebelasting te betaal, word ... genoem.

1.3.2 … maak dit moontlik dat iemand minder kan verdien ná ’n verhoging as vóór die verhoging.

1.3.3 Die … belastingbasis word deur die SAID bepaal.

1.3.4 Die … begroting is afdwingbaar totdat die hoofbegroting in plek kom.

1.3.5 Daardie porsie van inkomste of welvaart wat onderhewig is aan belasting word ... genoem.

1.3.6 ’n Situasie wanneer ’n bedryf in ’n land gesubsidieer word, lei tot …

1.3.7 Vrystelling verwys om sommige instellings of organisasies sonder winsmotief toe te laat om nie belasting te betaal nie solank hulle nie enige ... maak nie.

1.3.8 ’n Voorbeeld van … kostes is huur betaal vir die gebruik van regeringseiendomme, soos sportfasiliteite.

1.3.9 Die welvaartbelasting wat jy betaal wanneer jy grond en geboue besit, word ... genoem.

1.3.10 … stelsel is waar die belastingkoers met inkomste verhoog, en waar herverdeling van welvaart outomaties plaasvind.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.4 Kies die korrekte woord of woorde uit dié tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 (Invoer-/Aksyns-) belasting word gebruik om dumping van goedere te stop.

1.4.2 (VAT/GST) is ’n verkoopsbelasting wat gehef word op elke opeenvolgende stadium van handeldrywing.

1.4.3 (Persoonlike/Werklike) eiendom verwys na grond plus verbeterings.

1.4.4 (Inkomste-/Betaalstaat-) belasting moet beskou word as belasting op geld wat deur maatskappye verdien word.

1.4.5 Standaard uitgawe-items word in die (finansiële/ekonomiese) skedule uiteengesit.

1.4.6 Die (tussentydse/hoof-) begroting allokeer fondse vir ’n hele finansiële jaar.

1.4.7 (Aftrekkings/Insentiewe) impliseer dat belasting oor die algemeen vir netto inkomste geld.

1.4.8 ’n Belastingbetaler ontvang ’n (beduidende/onmeetbare) waarde vir elke eenheid van die geldeenheid oorbetaal in die vorm van belasting.

1.4.9 (Provinsiale/Plaaslike) regerings word nie toegelaat om belasting op dobbelary te hef nie.

1.4.10 (Persoonlike/Personeel-) belasting verteenwoordig die meerderheid van staatsinkomste.

(10 × 2) (20)
[80]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B

Beantwoord alle vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Boere die hoenders in oor onbillike tariewe.

[Bron: *ENCA News SA, Augustus 2022*]

Bespreek bogenoemde stelling onder die volgende opskrifte:

2.1.1 Wat sou die hoofrede wees dat 'n regering invoerbelasting op sekere goedere oplê? (6)

2.1.2 Noem DRIE redes hoe 'n land goedere in 'n ander land dump. (6)

2.1.3 Invoerbelasting word/word nie gehef as *ad valorem* belasting dit maklik/moeilik maak om te monitor en in te samel. (Kies die korrekte opsies) (4)

2.1.4 Wat word belas met invoerbelasting? (3)

2.2 'SALGA doen 'n beroep op beskerming van boere'.

Neem bogenoemde stelling in ag en bespreek die volgende:

2.2.1 Noem waarvoor 'SALGA' staan. (5)

2.2.2 Noem die doelwit van bogenoemde vereniging. (4)

2.2.3 Noem die artikel van die Grondwet en die Wet nommer waarin dit geanker is. (4)

2.2.4 Vul die ontbrekende woorde in:

Die … saam met bestuur in KZN lei die administrasie van die SALGA KZN kantoor met die Provinsiale Uitvoerende Komitee wat politieke leierskap verskaf.

Die uiteindelike gesag van die SALGA KZN provinsie is gesetel in sy jaarlikse … (PMA) wat voor die … (NMA) plaasvind. (3 × 2) (6)

2.2.5 Noem die grootste provinsie in Suid-Afrika. (2)

[40]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die volgende terme/konsepte:

3.1.1 Kapitaal-uitgawe

3.1.2 Kapitaalwinsbelasting

3.1.3 Belasbare netto inkomste

(3 × 4) (12)

3.2 Verduidelik die DRIE redes waarom die opstel van ’n afsonderlike kapitale begroting voordelig kan wees. (3 × 4) (12)

3.3 Bespreek enige DRIE redes waarom wysigings aan die hoofbegroting gemaak word deur die Wetsontwerp op Aanpassingsbedeling. (3 × 5) (15)

3.4 Gee EEN voorbeeld van inkomstebelasting. (1)

[40]

VRAAG 4

4.1 Bespreek VIER tipes belasting. (14)

4.2 Dui enige TWEE instellings/persone aan teenoor wie die administratiewe en uitvoerende liggame verantwoordbaar moet wees. (4)

4.3 Verduidelik die *ekonomiese regulatoriese funksie*. (8)

4.4 Verduidelik die term *dumping* vir ’n land. (2)

4.5 Wanneer die plaaslike geldeenheid verswak, soos die geval in Suid-Afrika, teen die Britse Pond of die VS Dollar, affekteer dit die leningsterugbetalings direk.

Hoe affekteer die verswakkende Rand die volgende direk?

4.5.1 Leningsterugbetalings (3)

4.5.2 Belastingbasis (3)

4.6 Noem DRIE spesiale vrystellings wat gebruik word om ekonomiese ontwikkeling bevorder. (6)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou